
# Meisies wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander




Anne Bonny



Audrey Hepburn


Anne Bonny
Seerower


Anne was 'n meisie met wilde rooi hare. Sy was armoedig en kragtig, en sy het gereeld saam met seerowers by die hawe tavernes gekuier.



Toe sy grootgeword het, het sy selfs met een getrou met die naam John Bonny.


Saam het hulle na die Bahamas gevaar.





Maar toe John op sy mede-seerowers vir die Britse regering begin spioeneer het, het Anne hom gelos en weggehardloop met 'n seerowerkaptein genaamd John Rackham.


“Kaliko Jack,” soos hy bekend was, hy was bekend vir die dra van flambojante broeke wat gemaak was van gestreepte kaliko lap.



Anne se beste vriend was 'n kleremaker, genaamd Pierre.

Op 'n dag het hulle besluit om 'n Franse handelskip te beroof wat verbygegaan het.






Hulle het bloed op die seile, die skip se dek en hulself gespat. Hulle het ‘n mannekyn geklee met een van Pierre se rokke en dit ook met bloed gespat.


Teen die lig van die volmaan het hulle stil na die Franse skip geseil.



Toe hulle naby genoeg was vir die ander bemanning om te sien, verskyn Anne langs die mannekyn wat 'n byl geweldadig rondswaai.




Verskrik het die matrose die skip
sonder 'n geveg verlaat!



Anne het ook bevriend geraak met 'n ander vroulike seerower genaamd Mary Read.




Mary, wat vermom was as 'n man, was deel van die bemanning op 'n skip wat Anne en Kaliko Jack gevang het.




Anne en Mary het beheer oor die skip geneem, wat die Wraak genoem was. Hulle het soms as mans en soms as vroue aangetrek en het onafskeidbaar geword.





Toe die Britse vloot die bemanning van die Wraak beveel het om oor te gee, het Anne en Mary heftig teruggeveg, maar omdat hul mede matrose dronk was, was hulle vinnig in gevange geneem.



# Audrey Hepburn

Aktrise

Eens op 'n tyd, in Holland, was daar 'n dogtertjie met die naam Audrey wat tulpe geëet het.




Dit was egter nie omdat sy van blomme gehou het nie – dit was omdat sy so honger was. Die lewe in Holland tydens die Tweede Wêreldoorlog was moeilik.



Daar was nooit genoeg kos op die tafel nie, en Audrey het dikwels die hongerpyne in haar leë maag gevoel. Tulpbolle het nie lekker gesmaak nie, maar dit het haar daarvan weerhou om van die honger te ly.




Toe Audrey ouer was, het sy na Engeland verhuis en 'n rolprent, aktrise geword. Sy is wêreldwyd bewonder vir haar elegante figuur en haar helder skoonheid.





Bekende modeontwerpers het na haar gestroom, en sy het 'n styl ikoon geword, sy was bekend vir haar klein swart rok, lang handskoene en diamant tiara.



Nadat haar bekendste rolprent, *Breakfast in Tiffany's*, vrygestel was, het die "Hepburn-voorkoms" so gewild geword dat vroue net soos sy aangetrek het. Hulle sou selfs die beroemde juwelierswinkel in die Stad van New York besoek om op dieselfde plek te staan soos wat sy gedoen het.

Maar Audrey wou meer doen as om net in rolprente te speel en vir haar klere bewonder te word. Sy wou ander help, veral arm en honger kinders – kinders wat so honger was soos sy eens was.



Sy het haar lewe daaraan gewy om UNICEF te dien, dieselfde liefdadigheid wat haar gehelp het, want geen kind behoort so honger te wees dat hulle blombolle moes eet nie.



Toe Audrey gesterf het, was 'n nuwe wit tulp as eerbewys, na haar vernoem om die wonderlike werk wat sy vir UNICEF gedoen het, te vier.



THINK

DIGITAL ACADEMY